

## **Selfdegeslagverhoudings: skrywe aan lidmate uitgegee op 15 Maart 2019 deur die kerkraad**

Die Noord-Gautengse Hooggeregshof het onlangs uitspraak gelewer aangaande die appèl van 'n groep lidmate in die NG Kerk oor die sinodebesluit van 2016 rakende selfdegeslagverhoudinge. Lidmate van Stellenberg-gemeente mag wonder hoe hierdie besluit ons eie gemeente en ons standpunt oor die aangeleentheid raak. In November 2015 het Stellenberg se kerkraad die volgende besluit, wat ooreenstem met die Algemene Sinode se besluit van 2015, geneem en goedgekeur:

1. Stellenberg-gemeente herbevestig die besluite van die kerkraad in 2002 en erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind hom tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
2. Stellenberg-gemeente verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
3. Stellenberg herbevestig die Algemene Sinode se besluit van 2004, 2007 en 2013 oor die huwelik dat slegs verbintenisse tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.
4. Stellenberg-gemeente gee erkenning aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening daarvoor dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
5. Met hierdie besluit wil die kerkraad nie lidmate uitsluit wat van hierdie standpunt verskil nie. Die kerkraad is oortuig dat ons te midde van verskille steeds as gemeenskap van gelowiges, vanuit die bron van God se liefde, getrou aan mekaar en God verbind kan bly.

Tydens 'n buitengewone sitting van die Algemene Sinode in November 2016 is die 2015-standpunt rakende selfdegeslagverhoudings vervang, waarna 'n groep lidmate in die kerk daarteen appelleer het. Die saak is na die hooggeregshof verwys. Op 8 Maart 2019 is uitspraak gelewer ten gunste van die appellante, wat beteken dat die 2015-besluit van die Algemene Sinode gehandhaaf word.

Tydens 'n onlangse kerkraadsvergadering is Stellenberg se standpunt van 2015 herbevestig. Ons ervaring sedert die besluit in 2015 geneem is, was dat ons te midde van verskille steeds in een gemeente in toewyding aan die Here en mekaar kan leef. Terugskouend is dit dus enersyds vir ons verrykend om te beleef hoe mense in selfdegeslagverhoudinge in ons gemeente kon tuiskom, maar andersyds

ook hoe lidmate wat onseker oor dié kwessie is en van standpunt verskil, binne die ruimte van die Here se genade deel van die gemeente gebly het.

Hoe lyk die pad vorentoe in Stellenberg-gemeente? Ons strewe is om 'n ruimte te help skep waarbinne enige persoon kan deel in al die voorregte wat 'n geloofsgemeenskap bied. Ons is bewus daarvan dat dit steeds vir diegene wat diskriminasie beleef, moeilik is en wil toenemend 'n omgewing skep waar mense met 'n alternatiewe lewensbeskouing veilig kan voel om hulle gevoelens daaroor met ons te deel. Die kerkraad glo dat simpatieke gesprekke – eerder as debatte – ons in die toekoms beter op ons gesamentlike geloofsonderskeidende pad kan help.

Leraars en Kerkraad

Stellenberg-gemeente